Laerskool Mikro

# Handboekwerk:

## Dinsdag 12 Mei 2020

## Basisvorme, voorvoegsels en agtervoegsels – Bladsy 67

### C Oefen taal

**Taalfokus 2: Basisvorme, voorvoegsels en agtervoegsels**

Woorde bestaan uit verskillende **woorddele** soos basisvorme, voorvoegsels en agtervoegsels.

**Basisvorme**

- Woorde soos olifant, rivier, broer en kerm bestaan uit een basisvorm. Dit is die kleinste selfstandige deel waaruit 'n woord kan bestaan.
- Woorde soos piekniekplek (piekniek + plek), wildtuin (wild + tuin) en hoofkamp (hoof + kamp) bestaan uit twee basisvorme.

**Voorvoegsels en agtervoegsels**

Voorvoegsels en agtervoegsels is woorddele wat vooraan of agteraan basisvorme gevoeg word. Dit verander die betekenis van die woord.

**Voorbeeld**

| ge | + | kerm | = | gekerm |
|---|---|---|---|---|
| voorvoegsel | | basisvorm | | verander na verlede tyd |

1. Skryf die basisvorme van die woorde neer.
   a) maanhaarleeu b) buffelbul
   c) visarendwyfie d) vlakvarkgat
2. Wat doen die agtervoegsel -e in olifante met die basisvorm olifant?
3. Wat doen die agtervoegsel -jies in kiewietjies?
4. Wat doen die voorvoegsel ge- in geflous?
5. Skryf hierdie woorde reg oor:
   a) vis vanger b) berg skilpad
   c) wild tuin d) woonwa park
   e) uitkyk plek

Het jy opgemerk dat die woorde wat uit meer as een basisvorm bestaan (en voor- of agtervoegsels het), altyd vas aanmekaar geskryf word?